



**Solidariteit<sup>®</sup>  
Helpende Hand**

# **DIE BELANGRIKHEID VAN LEES**

**Saamgestel deur**

**Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI)  
(Nicolien Welthagen)**

**vir  
Solidariteit Helpende Hand**

**Mei 2015**

Lees is een van die belangrikste vaardighede vir oorlewing en ekonomiese sukses in die 21ste eeu. Buiten dat die uitvoer van alledaagse bestaansaktiwiteite en lewensvaardighede in gedrang is wanneer iemand nie goed kan lees nie, is lees van kritieke belang vir leer. Kinders moet kan lees om te kan leer. Kinders wat sukkel om te lees, sukkel noodwendig in alle vakgebiede. Vordering op skool en akademiese prestasie kan ernstig benadeel word en leerprobleme kan ontstaan wanneer kinders sukkel om te lees (Antilla, 2013; Van Greunen, 2010; Le Cordeur, 2010).

Leesgeletterdheid is verder noodsaaklik vir persoonlike ontwikkeling. 'n Duidelike verband is tussen leesgeletterdheid, leergeleenthede en persoonlike welstand en geluk gevind. Hoewel lees hoofsaaklik 'n kognitiewe funksie is, het dit 'n groot affektiewe komponent. Dit sluit 'n kind se houding teenoor lees, sy motivering om te lees vir genot, persoonlike belangstelling, waardes en selfbeeld in. Leessukses hou direk verband met hoe 'n kind oor lees voel. Kinders wat swak lees, ontwikkel dikwels 'n swak selfbeeld en glo dat hulle aan een of ander gestremdheid ly. Hulle beseft nie dat dit 'n vaardigheid is wat hulle kan aanleer nie en voel dikwels geïsoleer. Hulle voel intelligent op sekere vlakke, maar "agter" wat ander dinge betref (Antilla, 2013; Le Cordeur, 2010; Naidoo et al., 2014).

Daar is ook 'n "nuwe" geletterdheid wat in ag geneem moet word, naamlik tegnologiese geletterdheid (Naidoo et al., 2014).

### **Die meeste kinders sal nie aanvaarbare leesgeletterdheidsvlakke teen graad 5 bereik nie**

Naidoo (2014) noem dat die *Progress in International Reading Literacy Study* (PIRLS), wat in 2006 gedoen is, aantoon dat ongeveer 80% van Suid-Afrikaanse leerders nie die basiese leesvaardighede teen graad 5 bemeester nie. Hy haal verder syfers van die *National School Effectiveness Study* (2007-2009) vir graad 1- tot 3-leerders en die Nasionale Jaarlikse Assessering (NJA, 2011 vir graad 1 tot graad 6) aan. Hierin is bevind dat die geletterdheids- en syfervaardighedsvlakke van kinders in Suid-Afrikaanse skole tussen 30% en 35% is. Ongeveer 85% van alle kinders met leerprobleme het ook kritieke leesprobleme.

Skokkende bevindinge van die *National Benchmark Test Project* in 2009 wys daarop dat slegs 47% van nuwe universiteitstudente akademies geletterd is en dat slegs 46% gemiddelde geletterdheidsvlakke en 'n skrale 7% net basiese geletterdheidsvlakke het (Naidoo et al., 2014). Le Cordeur (2010) voer aan dat die skoolstelsel al hoe meer studente met gebrekkige leesvaardighede oplewer wat nie die mas in hoër onderwys kan opkom nie. Dit is uiters belangrik dat skole en ouers verhoed dat leesprobleme in die eerste plek ontstaan. Een van die belangrikste voorkomende stappe wat geneem kan word, is om kinders se fundamentele leesvaardighede binne die gemiddelde en aanvaarbare vlakke te ontwikkel en te hou sodat hulle onafhanklik en met genot kan lees (Torgesen, 2004).

### **Daar moet nooit aanvaar word dat kinders goeie leesvaardighede op hul eie sal aanleer nie**

Leesvaardighede moet stapsgewys en doelgerig deur opgeleide persone aan kinders geleer word. Lees moet lank reeds voordat kinders skool toe gaan 'n bekende en verrykende aktiwiteit vir hulle wees. Vele studies bewys dat wanneer ouers reeds van baie vroeg af vir hulle kinders lees, dit 'n positiewe effek op latere leesgeletterdheid sal hê. Kinders wat reeds die alfabet ken wanneer hulle skool toe gaan, het 'n groot voorsprong en sal heel waarskynlik suksesvol kan leer lees (Antilla, 2013).

Dit wil egter voorkom asof ouers dikwels struktuur en begeleiding nodig om hulle kinders met leesontwikkeling te help. Die korrekte gebruik van die “saamleestegniek” kan positiewe gevolge vir kinders se lees- en leerontwikkeling inhou (Odendaal, 2002).

### **Lees bestaan uit sekere basiese vaardighede**

’n Fundamentele kenmerk van lees en leer is dat dit nie op ’n enkele vlak plaasvind nie, maar wel laagsgewys. Leesvermoë behels merendeels kognitiewe funksies en voordele wat verder strek as die vermoë om letters bymekaar te voeg, te interpreteer en te verstaan. Die kognitiewe voordele bou op mekaar voort en het ’n positiewe of negatiewe spiraaleffek. Sekere vaardighede en ervarings, soos perseptuele vaardighede, dekodering, leer en geheue, is voorvereistes vir ’n volgende vlak. As kinders nie die basiese vaardighede van die grondslag aanleer nie, sal hulle swak lesers bly.

’n Leesagterstand lei onvermydelik tot ander kognitiewe agterstande (Cunningham & Keith, 2013). Hoe meer kinders lees, hoe meer word hulle intellektuele vermoë ontwikkel, uitgebrei en versterk.

Leesprobleme manifesteer dikwels in ander probleme, soos swak spelling en swak verbale vermoëns, swak leesbegrip en leesspoed, luister- en handskrifprobleme en die onvermoë om aantekeninge te maak. Dit lei tot ’n negatiewe houding teenoor lees wat manifesteer in emosionele response, soos om skaam te wees om in die openbaar te lees, leesangs en frustrasie.

Vir ouers en onderwysers is dit dikwels ’n onmoontlike taak om te probeer vasstel wat die spesifieke leesprobleem is of waar en hoe dit ontstaan het. Hoewel probleme met letterontsyfering, begrip of geheue kan ontstaan, is spesialiste dit eens dat die kern van vele leesprobleme by woordherkenning en klankontsyfering ontstaan.

Klankontsyfering is die proses waardeur ’n woord in afsonderlike fonetiese klanke opgebreek en op grond van die klanke herken word. Kinders met leesprobleme sukkel dikwels om die klanke wat letters of groepe letters verteenwoordig, te begryp en te ontsyfer.

Woordherkenningsprobleme kan wissel van baie erg, waar iemand sukkel met eenlettergrepige woorde, soos “kat” en “sit”, tot minder erg, waar ’n kind sukkel met langer en vreemde woorde. Probleme ontstaan dikwels omdat kinders nie die visuele “prentjie” van ’n woord in hul geheue kan stoor en na willekeur kan oproep nie.

Navorsing bewys dat daar ’n 90%-kans is dat kinders wat in graad 1 met fonologiese vaardighede, kennis van lettername, fonetiese bewustheid (die vermoë om klanke te hoor, te onderskei en tot woorde saam te voeg), die vermoë om klanke by ’n geskrewe teks te pas en ander vermoëns rakende die gebruik van die alfabet sukkel, ongetwyfeld swak lesers teen graad 4 sal wees (Antilla, 2013; Torgesen, 2004).

Die volgende probleme word gekoppel aan kinders wat met die herkenning en ontsyfering van klanke en woorde sukkel:

- Sukkel om woorde te klank (fonetiese bewustheid)
- Sukkel om woorde buite konteks te herken
- Verwarring oor watter letters watter klanke voorstel
- Stadige leesspoed – hulle lees woord vir woord
- Hakerige lees – hulle sukkel om klanke te laat saamsmelt
- Lees sonder uitdrukking

- Ignoreer leestekens
- Kan nie onbekende woorde ontleed nie
- Let nie op detail nie – al die letters in 'n woord word nie ontleed en geprosesseer nie
- Maak baie lees- en spelfoute (fonetiese dekodeeringsvaardighede is nodig vir die ontwikkeling van akkurate leesgeheue en spelreëls)
- Swak leesbegrip (Gagen, 2007; Torgesen, 2004)

Vanaf hierdie punt is daar 'n negatiewe spiraal omdat die vermoë om vlot te lees afhanklik is van die vermoë om groot groeperinge woorde deur middel van sig te identifiseer, saam te groepeer en te verstaan. Gewoonlik moet *sight words* gereeld geoefen word voordat dit vlot gelees kan word. Onakkurate lees en min lees oefening omdat 'n kind sukkel en dit nie geniet nie, lei dan tot stadige lees- en woordidentifikasie-ontwikkeling (Torgesen, 2004).

Volgens die Educational Foundation (2002) kan die meeste kinders met leesprobleme wel gehelp word wanneer probleme vroeg geïdentifiseer word.

### **Tegnologie en lees**

Talle studies het bevind dat 'n gerekenariseerde of digitale omgewing baie tot die ontwikkeling van kritieke leesvaardighede kan bydra. Hierdie studies ondersteun en keur die gebruik van tegnologie vir die aanleer van 'n taal en vir lees goed en beveel dit aan (Mahmood & Saqlain, 2013; Levine, Ferez & Reves, 2000). Veral wat jong kinders betref, kan gerekenariseerde leesondersteuning 'n geleidelike oorgang na selfstandige lees bewerkstellig. Gerekenariseerde leesafrigting stel kinders dikwels in staat om teks te manipuleer, self inisiatief te neem en die verantwoordelikheid te neem om te leer lees en in beheer van hulle eie vordering te wees. Kinders kan op hul eie tyd sin maak van die teks en betekenis daaraan heg (Levine, Ferez & Reves, 2000).

Die gebruik van mobiele tegnologie, soos selfone, is ook baie geriefliker, goedkoper en makliker bekombaar as rekenaargebaseerde tegnologie. Daarbenewens is daar bevind dat kinders dikwels meer geïnteresseerd in rekenaar- of tegnologiese aktiwiteite is en dat dit hulle aandag en konsentrasie meer boei as tradisionele lees- en leeraktiwiteite. Kinders geniet tegnologie en dit is vir hulle bevredigend. Hulle is heel dikwels meer opgewonde daarvoor om tegnologie te gebruik as om met behulp van tradisionele tegnieke te leer. Kinders hou van die onafhanklikheid en ongebondenheid wat dit bied. Hulle hoef nie in 'n klaskamer te sit en leer nie, maar kan enige tyd en plek, veral met iets soos 'n selfoon, leer lees (Mahmood & Saqlain, 2013).

Vergelykende studies het aangetoon dat kinders wat met behulp van rekenaartegnologie leer, beter presteer as diegene wat daarsonder leer. Dit word daaraan toegeskryf dat kinders iets fisies en self moet hanteer en manipuleer en dat hulle deur middel van die aktiwiteit, die hoor en sien, die herkonstruksie en speel en weer speel, beter fokus, meer betrokke is en meer effektief leer (Mioduser, Tur-Kaspa & Leitner, 2000).

Bykomende fonetiese onderrig is goed vir alle kinders se leesontwikkeling en as dit rekenaar- of tegnologiegebaseerd is, is dit nog beter!

Fonetiese dekodeering en woordherkenning, wat een van die belangrikste aspekte van goeie leesontwikkeling is, vorm daarom die grondslag van Helpende Hand se lees-app en ABC-leesboekie.

## Bronne

- Cunningham, A.E. & Keitstanovich, K.E. (2013, December). What reading does for the mind. *Journal of Direct Instruction*, Vol. 1, No. 2, 137–149; and *American Educator*, Vol. 22, No. 1–2, pp. 8–15. Aanlyn beskikbaar by: [http://www.csun.edu/~krowlands/Content/Academic\\_Resources/Reading/Useful%20Articles/Cunningham-What%20Reading%20Does%20for%20the%20Mind.pdf](http://www.csun.edu/~krowlands/Content/Academic_Resources/Reading/Useful%20Articles/Cunningham-What%20Reading%20Does%20for%20the%20Mind.pdf)
- Educational Foundation. (2002). *Misunderstood Minds. Difficulties with Reading*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.pbs.org/wgbh/misunderstoodminds/readingdiffs.html>
- Gagen, M.R. (2007). *Common Reading Problems*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.righttrackreading.com/readproblem.html>
- Julie A. (2013). *The effects of early literacy development on academic success in the educational setting and implications for educational leaders and teachers*. Northern Michigan University. Aanlyn beskikbaar by: [https://www.nmu.edu/education/sites/DrupalEducation/files/UserFiles/Antilla\\_Julie\\_M\\_P.pdf](https://www.nmu.edu/education/sites/DrupalEducation/files/UserFiles/Antilla_Julie_M_P.pdf)
- Cordeur, M. (2010). *As 'n kind nie kan lees nie*. LitNet. Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/Article/as-n-kind-nie-kan-lees-nie>
- Levine, A.; Ferenz, O. & Reves, T. (2000, December). Academic Reading and Modern Technology: How Can We Turn our Students into Independent Critical Readers? *Journal of Computer Assisted Learning*. Vol. 16, 54-63. Aanlyn beskikbaar by: <http://tesl-ej.org/ej16/a1.html>
- Mioduser, D.; Tur-Kaspa, H. & Leitner, I. (2000). *The learning value of computer-based instruction of early reading skills*. Tel-Aviv University. School of Education. 54 of 2000 Blackwell Science Ltd. Israel. Aanlyn beskikbaar by: <http://muse.tau.ac.il/publications/66.pdf>
- Naidoo, U.; Reddy, K & Dorasamy, N. (2014). *Reading Literacy in Primary Schools in South Africa: Educator Perspectives on Factors Affecting Reading Literacy and Strategies for Improvement*. Durban University of Technology, South Africa. *International Journal of Educational Sciences*, 7(1), 155-167.
- Odendaal, M.C. (2002). *Die invloed van die saamleestegniek op die verhouding tussen die ouer en die kind met leerprobleme*. Suid-Afrika. Unisa. Aanlyn beskikbaar by: <http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/1550/dissertation.pdf?sequence=1>
- Saqlain, N & Mahmood, Z. (2013, April). English language instructors' perceptions about technology-based language learning at Northern Border University in Saudi Arabia. *The Turkish Online Journal of Educational Technology*, volume 12 Issue 2, 106 – 110. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.tojet.net/articles/v12i2/12210.pdf>
- Torgesen, J.K. (2004, Fall). Preventing Early Reading Failure. *Journal of Direct Instruction*, Vol. 1, No. 2, 137–149.
- Van Greuning, S.M. (2010). *Die invloed van 'n multi-sensoriese leesbenadering op leesonderrig in die grondslagfase*. Fakulteit Opvoedkunde. Noordwes-Universiteit (Vaalderhoek-kampus). Aanlyn beskikbaar by: [http://dspace.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/7171/Van%20Greuning\\_SM.pdf?sequence=1](http://dspace.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/7171/Van%20Greuning_SM.pdf?sequence=1)